NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2022

REKENINGKUNDE: VRAESTEL I

Tyd: 2 uur 200 punte

INLIGTINGSBOEKIE

IEB Copyright © 2022

VRAAG 1 VOORRAADSTELSELS EN BTW (41 punte, 25 minute)

VRAAG 1.1 VOORRAADSTELSELS (31 punte, 19 minute)

Inligting aangaande Callaghan Cheeses

Ignoreer BTW vir doeleindes van die voorraadafdeling.

Callaghan Cheeses is 'n plaaslike onderneming wat kaas en kaasborde verkoop in hul winkel wat in 'n duurder winkelsentrum geleë is. Hierdie kleinsakeonderneming is vir BTW geregistreer en word deur Sydney Callaghan besit.

Hulle gebruik die periodieke voorraadstelsel en waardeer die goedere soos volg:
- **Kaas** volgens die EIEU- (eerste-in-eerste-uit-)metode. Die beoogde winsgrens op kaas is 100%.
- **Kaasborde** volgens die geweegde gemiddelde-metode. Die beoogde winsgrens op die borde is 60%.

Die volgende het op die kwartaal geëindig 31 Mei 2021 betrekking:

Besonderhede en datums	KAAS EIEU-metode			KAASBORDE Geweegdegemiddelde-metode		
	Kilogram (kg)	Koste per kg (R)	Totaal	Borde	Koste per bord (R)	Totaal
Beginvoorraad (1 Maart 2021)	190	55	R10 450	60	225	R13 500
Aankope	810		R48 100	260		R53 750
Maart 2021	220	65	R14 300	70	210	R14 700
April 2021	430	60	R25 800	110	195	R21 450
Mei 2021	160	50	R8 000	80	220	R17 600
Eindvoorraad (31 Mei 2021)						
Verkope	735	115	R87 745	265	344	R91 160
Terugsendings	10 kg van die Maart-aankope.			5 borde van die April-aankope.		
Vraggeld op aankope*	R5 per kilogram. Vraggeld word nie op terugsendings terugbetaal nie.			Totale koste vir die kwartaal het R2 395 beloop.		

*Vraggeld op aankope is nie ingesluit in die aankoopwaardes vir Maart, April en Mei nie.

Bykomende inligting:
1. Verkope was nie so hoog as wat verwag is nie en gevolglik moes 25 kg kaas wat in April gekoop is, weggegooi word. Geen ander verliese is ten opsigte van die kaas ondervind nie.
2. 'n Paar borde het per ongeluk verlore geraak by die verskillende markuitstallings waaraan hulle gedurende die afgelope drie maande deelgeneem het.

IEB Copyright © 2022

VRAAG 1.2 BTW **(10 punte, 6 minute)**

Inligting aangaande Callaghan Cheeses

BTW word teen 15% bereken.

Geselekteerde transaksies rakende BTW uit die finansiële rekords van Callaghan Cheeses vir die jaar eindigende 31 Mei 2021:

Alle transaksies hieronder behels die kaasborde waarvan die prys met 60% verhoog is.

1. Die eienaar het voorraad vir haar eie gebruik geneem. Die voorraadkoste was R1 260, BTW uitgesluit.

2. 'n Debiteur het R9 315 betaal om sy rekening te vereffen. Dit was nadat 'n 10%-vereffeningskorting aan hom verleen is.

3. Goedere met 'n inklusiewe **verkoopsprys** van R2 760 is aan die verskaffer teruggestuur.

IEB Copyright © 2022

VRAAG 2 MAATSKAPPY FINANSIËLE STATE (66 punte, 39 minute)

Inligting aangaande Mishka Beperk

Mishka Beperk is 'n Suid-Afrikaans genoteerde maatskappy met 'n gemagtigde aandelekapitaal van 5 000 000 gewone aandele. Hulle voer in en koop by plaaslike verskaffers om kleinhandelswinkels van skryfbehoefteprodukte te voorsien. Hulle gebruik te alle tye 'n standaardwinsgrens van 75% op kosprys.

1. Saldo onttrek uit die finansiële rekords op **1 Maart 2020**:

Balansstaatafdeling	
Opgelope inkomste (Rente op vaste deposito)	R4 200

2. Totale/saldo's onttrek uit die Vooraansuiweringsproefbalans vir die jaar geëindig **28 Februarie 2021**:

Balansstaatafdeling	
Debiteurekontrole	R149 500
Voorsiening vir oninbare skuld	R6 150
Handelsvoorraad	R759 300
Lening: Li Bank (12% p.j.)	R525 000
SAID: Inkomstebelasting	R480 000 dt
SAID: LBS	R19 800
Pensioenfonds	R6 900
Nominale rekeninge-afdeling	
Verkope	R4 815 000
Koste van verkope	R2 324 000
Debiteureafslag	R96 000
Skryfbehoeftes	R14 700
Dividende op gewone aandele	R344 000
Waardevermindering op voertuie	R42 400

3. Uittreksel uit die Aantekeninge by die Finansiële State vir die jaar geëindig **28 Februarie 2021**:

Gewone aandelekapitaal

Uitgereikte aandelekapitaal		
3 500 000	Gewone aandele op 1 Maart 2020	R7 405 000
800 000	Aandele verkoop teen R2,30 elk op 1 Mei 2020	R1 840 000
4 300 000	*Subtotaal*	R9 245 000
60 000	Aandele teruggekoop op 1 Desember 2020	?
4 240 000	Gewone aandele op 28 Februarie 2021	?

- Aandele is teruggekoop teen 276 sent elk.

IEB Copyright © 2022

Bykomende inligting en aansuiwerings wat nog in ag geneem moet word:

1. 'n Debiteur het voorraad teruggestuur wat vir R11 900 verkoop is en R6 800 gekos het. Dit is aan die verskaffer teruggestuur wat 'n kredietnota minus 'n 10%-straf uitgereik het, aangesien dit na die toegelate getal dae teruggestuur is.

2. 'n Venster was oop gedurende 'n hewige storm en gevolglik is voorraad ter waarde van R7 000 deur die reën beskadig. Die versekeringsmaatskappy het ingestem om vir die beskadigde voorraad te betaal minus 'n 15%-bybetaling.

3. Die voorraadopname het die volgende aan die lig gebring:
   - Handelsvoorraad voorhande R741 200
   - Skryfbehoeftes gedurende die jaar gebruik R12 900

4. Die volgende fout moet reggestel word: 'n Debiteur wat voorheen as 'n oninbare skuld afgeskryf is, het opgedaag om sy skuld van R3 200 te betaal. Dit is verkeerdelik opgeteken as:
   Debiet: Oninbare skuld ingevorder
   Krediet: Debiteurekontrole

5. Voorsiening vir oninbare skuld moet tot 4% van handelsdebiteure aangesuiwer word.

6. Die rente op vaste deposito word nie gekapitaliseer nie. Die boekhouer het vergeet om die rente op vaste deposito aan die begin van die jaar om te swaai. Die vaste deposito is gedurende die jaar verhoog en 'n bedrag van R6 100 vir rente is nog deur die beleggingsbank verskuldig.

7. Kommissie-inkomste van R24 per eenheid namens Daines Dairy verkoop. Die kommissie op die Januarie-verkope van 1 500 eenhede is nog aan Mishka Beperk verskuldig.

8. 'n Bykomende winkelbestuurder is op 1 Februarie 2021 aangestel. Die salarisklerk het vergeet om haar Februarie-salarisbesonderhede op te teken:
   Bruto salaris R216 000 per jaar
   Pensioenfonds 8% van bruto salaris
   SAID (LBS) R4 500 per maand
   Die maatskappy dra op 'n rand-vir-rand-basis tot die pensioenfonds by.

9. Die rente op die lening is op datum maar moet opgeteken word. 'n Jaarlikse lening-terugbetaling van R35 000 word op 1 Desember elke jaar gedoen en opgeteken. Rente word nie gekapitaliseer nie.

10. Nadat die inkomstebelasting op die netto wins in berekening gebring is, is die maatskappy steeds R12 000 aan SAID verskuldig.

11. Tussentydse dividende is gedurende die jaar betaal. 'n Finale dividend van 9c per aandeel op alle aandele wat aan die einde van die jaar uitgereik was, is op 28 Februarie 2021 verklaar.

IEB Copyright © 2022

VRAAG 3 KONTANTVLOEISTATE (49 punte, 29 minute)

Inligting aangaande Readhead Motors Bpk

Readhead Motors Bpk is 'n Suid-Afrikaans genoteerde maatskappy met 'n gemagtigde aandelekapitaal van 5 miljoen aandele. Hulle voer motoronderdele vir alle tipes voertuie in en verkoop dit.

1. Die Staat van Omvattende Inkomste (Inkomstestaat) vir die jaar geëindig 28 Februarie 2021 toon dat 'n netto wins na belasting van R1 505 000 gemaak is. Die maatskappy word belas teen 'n koers van 30% op wins.

2. Uittreksel uit die Staat van Finansiële Posisie (Balansstaat) soos op:

	28 Februarie 2021 R	**28 Februarie 2020 R**
Gewone aandelekapitaal	2 600 000 (4 000 000 aandele)	2 730 000 (4 200 000 aandele)
Behoue inkomste	1 882 100	964 800
Vaste bates (teen drawaarde)	1 931 680	1 729 000
Finansiële bates (Beleggings)	1 000 000	1 400 000
Lening: You Bank (11% p.j.)	2 372 000	2 016 000
Voorraad	356 000	?
Handels- en ander ontvangbare rekeninge	424 200	486 000
Opgelope inkomste	16 800	15 100
Bank	?	814 520 (kt)
Los kontant en kleinkas	12 000	14 000
Handels- en ander betaalbare bedrae	603 100	521 400
Opgelope uitgawes (Rente op lening)	17 160	18 480
SAID (LBS)	19 400 (kt)	13 600 (kt)
SAID (Inkomstebelasting)	27 000 (dt)	84 000 (kt)
Aandeelhouers vir dividende	280 000	6c per aandeel

IEB Copyright © 2022

3. Bykomende inligting:

3.1 Vaste en finansiële bates
- Die beleggings bestaan uit aandele in Ranchod Bpk waarop geen dividende gedurende die jaar verklaar of betaal is nie. Gevolglik het Readhead Motors Bpk begin om hul belegging te verminder.
- Gedurende die jaar is nuwe toerusting vir R576 150 gekoop en 'n ou afleweringsvoertuig is teen boekwaarde verkoop. Dit het 'n kosprys van R249 000 gehad en opgehoopte waardevermindering toe dit verkoop is, was R186 750.

3.2 Lenings
- Rente word nie gekapitaliseer nie.
- Rente wat gedurende die jaar betaal is, beloop R196 680.
- Leningterugbetalings beloop R12 000 per maand.
- 'n Bykomende bedrag is gedurende die jaar op die leningsfasiliteit geleen om die uitbreiding van die pakhuis te befonds.

3.3 Aandele en dividende
- 200 000 aandele is uit die boedel van 'n afgestorwe aandeelhouer teruggekoop teen 'n koste van 25 sent bo die gemiddelde aandeleprys ten tye van die terugkoop.
- Geen bykomende aandele is gedurende die jaar uitgereik nie.

3.4 Die verandering in die voorraadvlakke het tot 'n uitvloei van R63 300 in kontant gelei.

3.5 Die volgende inligting is uit die Kontantvloeistaat vir die jaar geëindig 28 Februarie 2021 onttrek:
- Invloei van kontant uit die bedryfsaktiwiteite R1 278 420
- Invloei van kontant uit die finansieringsaktiwiteite R176 000

IEB Copyright © 2022

VRAAG 4 VERVAARDIGING MET BATEBESTUUR (44 punte, 27 minute)

Inligting aangaande Jasson Jewellers

Jasson Jewellers is 'n plaaslike vervaardigingsonderneming wat bekostigbare halssnoere en armbande met nagemaakte edelstene en vergulde kettings van goeie gehalte produseer. Hulle gebruik 'n standaardwinsgrens van 150% op kosprys. Hulle besit hul eie toerusting en afleweringsvoertuie, maar huur hul fabriek en kantoorruimte. Hul huidige finansiële jaareinde is 31 Mei 2021.

1. **Die volgende saldo's is uit die finansiële rekords van die onderneming onttrek:**

	31 Mei 2021	**1 Junie 2020**
Voorraad indirekte materiaal	R31 400	R46 200
Grondstofvoorraad	R672 020	R513 500
Voorraad goedere-in-bewerking	R628 900	R546 700
Klaarproduktevoorraad	R201 300	R229 800
Fabriekstoerusting	R1 055 000	R964 000
Opgehoopte waardevermindering op fabriekstoerusting	?	R454 720

2. **Direkte en indirekte materiaal**

- Indirekte materiaal ter waarde van R156 000 is gedurende die jaar gekoop. 95% van alle indirekte materiaal word in die produksieproses gebruik.
- Vraggeld op die aankope van grondstowwe het R94 500 beloop.
- Grondstowwe ter waarde van R2 100 000 is gedurende die jaar gekoop. 7½% van die aankope is aan verskaffers teruggestuur, aangesien dit nie aan die spesifikasie voldoen het nie.
- Grondstowwe ter waarde van $16 000 is by Wang Designs in die VSA gekoop. 'n 5%-handelskorting is toe met Wang Designs beding. Invoerbelasting word gehef teen 2% van die finale faktuurtotaal. Ten tye van betaling was die rand:dollar-wisselkoers R15:$1. Dit is nie ingesluit in die transaksies hierbo nie.

3. **Fabrieksbokoste**

1. Die volgende totale is uit die Vooraansuiweringsproefbalans op 31 Mei 2021 onttrek:

(a)	Huuruitgawe	R226 850
(b)	Eiendomsbelasting en diensgelde	R82 900
(c)	Versekering	R73 440
(d)	Water en ligte	R ?

2. Die huur vir Junie 2021 is vooruitbetaal. Huur is 'n vaste maandelikse bedrag en het onveranderd gebly gedurende die jaar. Huur word volgens die vloer-ruimte toegedeel: fabriek 900 m², kantore 200 m², verkope 100 m².

3. 80% van die totale Rekening vir eiendomsbelasting en diensgelde word aan die produksieproses toegedeel. Mei 2021 se Rekening vir eiendomsbelasting en diensgelde is ontvang en nog nie betaal nie, R6 500.

IEB Copyright © 2022

4. Die volgende inligting is uit die fabriek se Rekeninge vir water en ligte vir die jaar onttrek:

	Jaarlikse verbruik		Maandelikse gelde
	Eenhede water en elektrisiteit verbruik	Koste per eenheid	Rekeningdiensgeld en diverse gelde
Vlak 1	20 000	R0,65	R400
Vlak 2	19 800	R0,95	R0
Totaal	39 800	?	?

5. Die administrasie- en verkoopsdepartement se bates maak 30% van die versekering uit.

6. Waardevermindering op die fabriekstoerusting word bereken teen 20% p.j. op die verminderende saldo. Die volgende is uit die Vastebateregister onttrek:
   (a) Ou toerusting wat oorspronklik vir R124 000 gekoop is, is op 31 Oktober 2020 teen die boekwaarde verkoop. Op 1 Junie 2020 het dit opgehoopte waardevermindering van R34 720 gehad. Geen inskrywings is in hierdie verband gemaak nie.
   (b) Nuwe toerusting is op 1 Maart 2021 vir R215 000 kontant gekoop. Dit is opgeteken.

4. **Ander inligting wat met verkope verband hou**

Die totale koste van produksie vir die jaar het R3 313 086 beloop.

IEB Copyright © 2022